higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR-VLAK 3

(11011043)

2 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

NCS

TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Afrika-wetgewing bepaal dat motorvoertuie aan die linkerkant van die pad moet ry.

1.1.2 Vreemdelinge moet nie vir raad oor aanwysings gevra word nie – ry eerder na die naaste polisiestasie toe.

1.1.3 Waardevolle items soos kameras en skootrekenaars moet in die motor se bagasiebak toegesluit word.

1.1.4 Hou altyd jou motor se deure gesluit wanneer jy reis om motorkapings te voorkom.

1.1.5 As jy vermoed dat jy deur 'n moontlike motorkaper agtervolg word, moet jy reguit huis toe ry.

(5 × 1) (5)

NCO

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Persoonlike ongeluksversekering	A	slegs akkommodasie, geen maaltye
1.2.2	Onbeperkte tarief	B	lys van items wat bespreek gaan word
1.2.3	Luukse motors	C	klein, medium en mikro-ondernemings
1.2.4	Ekonomiese motors	D	spyskaart wat 'n verskeidenheid gange of maaltye toon, waaruit 'n mens kan kies
1.2.5	Gasvryheidsuite	E	versekering wat dood, besering of permanente gestremdheid dek tot 'n maksimum bedrag wat in die ooreenkoms gestipuleer word
1.2.6	Suite	F	tarief gehef per dag sonder enige kilometerheffing
1.2.7	À la carte	G	beskikbaar vir gerieflike reise en bied ruim sitplek vir vyf mense
1.2.8	Europese plan	H	bied sitplek aan vier mense, met hetsy twee of vier deure
1.2.9	Agenda	I	vertrek wat vir onthaal gebruik word – gewoonlik by konvensies en vergaderings
1.2.10	KMMO's	J	gesinskamer wat aan een of meer slaapkamers verbind is

(10 × 1) (10)

1.3 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

Die Wetenskap van Toerisme L4-studente in jou kollege gaan vanaf 12 tot 15 Mei die Toerisme-indaba in Durban bywoon. Daar is 10 vroulike studente wat akkommodasie gaan deel by die hotel wat jy vir hulle gereël het. Drie van hulle eet nie vleis of enige vleisprodukte nie, een is 'n Moslem en twee is Joods. Twee studente ly aan diabetes.

1.3.1 Verduidelik die volgende kodes wat jy op hulle besprekingsvorm geskryf het toe jy hulle ingelig het oor hoe hulle kamers gaan deel:

(a) QADS

(b) QADB

(c) DBLS

(3 × 2) (6)

1.3.2 Watter soort maaltye gaan jy vir elkeen van die volgende studente reël:

(a) Die student wat nie vleis eet nie

(b) Die Moslem-student

(c) Die Joodse studente

(d) Die student wat aan diabetes ly

(4 × 1) (4)

1.4 Voltooi die akkommodasiebesprekingsvorm op die volgende bladsy. Die studente gaan in die Kyalanga-hotel bly. Hulle gaan op 1 Mei om ongeveer 18:00 arriveer, en weer op 16 Mei om 09:00 vertrek. Jy maak die akkommodasieversoek namens ECD Travel, Main Reef Road 33, Struben, Johannesburg, Tel. 011 652 3900. Jy het die besprekingsversoek per e-pos aan Patrice Naidoo gestuur. Hy het op jou e-pos geantwoord en die bespreking bevestig. Die agentskap se rekeningnommer is 9009 2314 ECD. (15)

[40]

Kopiereg voorbehou

BESPREKINGSVORM

NAAM VAN DIE INSTELLING

Naam: _____

Naam: _____

Naam: _____ Aankoms:

_____

Vertrek: _____

Kamertipe

DBLS of (XS) ☐ Aankomstyd: _____

QADB ☐ Gewaarborg: JA/NEE

QADS ☐ Vorige gas: ☐

Bespreking versoek deur: _____ Telefoon:

_____

Maatskappy: _____

Adres: _____ Opmerkings:

_____

_____ _____

_____ _____

Stad: _____ Betalingsmetode: _____

Rekening aan: _____ Rekeningno.: _____

Bespreking gedoen deur: _____ Vir bevestiging per:

Telefoon ☐ Mondeling ☐ E-pos ☐ Teleks ☐ Brief ☐ Nota ☐ Faks ☐

Datum: _____ Verwysingsno.: _____

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 2

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

ABSA het 'n veldtog geloods om studente van TVOO-kolleges te help om entrepreneurs te word. Die bank het 'n reeks slypskole by kolleges ingestel, wat die studente gaan leer hoe om 'n sakeplan op te stel, 'n klein sakeonderneming te begin, geld verstandig te bestee en kleredrag met die oog op sukses te kies. Dit is 'n opwindende geleentheid vir studente wat hul eie sakeondernemings wil begin in plaas daarvan om die arbeidsmark as werknemer te betree.

2.1 Waar gaan jy die nodige finansiering verkry om 'n onderneming te begin? (1)

2.2 Verduidelik elk van die volgende terme wat in die sakewêreld gebruik word:

2.2.1 Alleeneienaar/eenmansaak

2.2.2 Kapitaal

2.2.3 Krediteur

2.2.4 Belastingkorting

2.2.5 Wins

(5 × 2) (10)

2.3 Noem VYF voordele daarvan om 'n onderneming as 'n alleeneienaar te open. (5 × 2) (10)

2.4 Nadat jy Wetenskap van Toerisme L4 voltooi het, het jy besluit om 'n kurio-winkel naby een van die bekende toerismeroetes in Mpumalanga te open.

2.4.1 Wie sal jou doel/teikenmark wees? (1)

2.4.2 Gee 'n voorbeeld van 'n produk wat jou klante in jou kurio-winkel sal kan koop. (1)

2.4.3 Noem VYF punte wat jy in aanmerking sal moet neem om mededingers te hanteer. (5)

2.4.4 Watter vaardighede benodig jy om 'n suksesvolle onderneming te bedryf? (5)

2.4.5 Noem TWEE voorbeelde van gedrukte media-artikels wat jy sal gebruik om jou onderneming te adverteer. (2)

2.5 Jy het gehoor van 'n maatskappy wat kurio's aan winkeleienaars in Johannesburg voorsien.

Noem VYF metodes om meer inligting oor hul produkte te vind. (5)

[40]

VRAAG 3

3.1 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

Droogte tref toerisme in Bela-Bela

BELA-BELA – Die waterkrisis in Limpopo het toerismerolspelers diep bekommerd. In die gewilde toeristedorp, Bela-Bela, moes sommige gastehuise selfs al water uit hul swembaddens kook vir gaste om te kan bad.

Die Bela-Bela-munisipaliteit moes vier ekstra boorgate sink om die plaaslike gemeenskap van water te voorsien omdat hulle ses weke lank nie betroubare watertoevoer gehad het nie, maar plaaslike inwoners reken dat minstens 10 boorgate nodig is om die situasie na normaal te laat terugkeer. Die dorp se reservoirs is besig om op te droog en gastehuise soos dié een word die ergste getref.

'Ek het agt geisers in hierdie plek. Die afgelope twee weke moes ek swembadwater gebruik, dit verhit en in 'n kamer sit waar daar 'n badkamer is, sodat die gaste kon bad. Wanneer ons baie gaste het, gaan koop ek vir hulle water om te drink, soggens hul gesigte te was en hul tande te borsel,' sê Owen Vogel, van die Villa Palmeira-gastehuis. In al 14 kamers in sy gastehuis voorsien hy 'n emmer water vir die gaste.

'Ons het ook oorsese gaste, en dit is 'n verleentheid om hulle van ons watersituasie te vertel. Party mense verstaan dit nie. Maar ek kan nie so aangaan nie; dit is ons besigheid en ons lewens. Hulle (toeriste) gaan net nie weer terugkom nie,' sê Vogel.

'Ons gaan groot verliese ly, omdat die mense nie weer gaan terugkom nie en die gastehuise gaan leeg staan. Dit dorp word nie behoorlik in stand gehou om seker te maak daar is genoeg water nie,' sê Amanda Maco van Bela-Bela Toerisme.

[*Aangepas van*: eNCA]

3.1.1 Identifiseer die tipe krisis wat in die artikel genoem word. (1)

3.1.2 Waarom is toerismerolspelers in Limpopo bekommerd? (1)

3.1.3 Beskryf hoe die eienaars van gastehuise die krisis hanteer om hul gaste gemaklik te maak. (4)

3.1.4 Na jou mening, watter uitwerking sal 'n waterkrisis soos die een wat in die artikel bespreek word, op plaaslike toerisme hê? Motiveer jou antwoord. (4)

3.1.5 Bespreek die ekonomiese implikasies wat die waterkrisis op toerisme sal hê. Gee voorbeelde om jou antwoord te motiveer. (4)

3.1.6 Wat het die Bela-Bela-munisipaliteit gedoen om die waterkrisis te bestuur? (1)

3.1.7 Wat doen die Bela-Bela-munisipaliteit om sakeondernemings in die gebied te help? (1)

3.1.8 Waarom is die eienaar van die Villa Palmeira-gastehuis bekommerd oor die watersituasie? Motiveer jou antwoord. (4)

Kopiereg voorbehou

3.2 Voltooi die tabel hier onder deur die korrekte antwoord langs die letter (a–t) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

GEBEURTENIS	STAD/DORP	PROVINSIE
3.2.1 Sardientjieloop	(a)	(b)
3.2.2 Aardklop Nasionale Kunstefees	(c)	(d)
3.2.3 Bloemfontein Roosfees	(e)	(f)
3.2.4 Soweto-marathon	(g)	(h)
3.2.5 White Mountain Fees	(i)	(j)
3.2.6 Toerisme-indaba	(k)	(l)
3.2.7 Ysterman Suid-Afrika	(m)	(n)
3.2.8 Clarens Craft Beer Fees	(o)	(p)
3.2.9 Vredefortkoepel-fees	(q)	(r)
3.2.10 Knysna Oesterfees	(s)	(t)

(10 × 2) (20)
[40]

NC(O)


VRAAG 4

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Thomas Jakes, sy vrou en drie kinders het uit die Maledive in Suid-Afrika aangekom. Hulle het die toeroperateur vir wie jy werk, gevra om hulle tydens hul toer van Suid-Afrika by te staan. Hulle gaan ook 'n motor huur om vanaf die Krugerwildtuin in Mpumalanga na Mbabane in Swaziland te ry. Jy het 'n reisplan vir hulle opgestel en gaan dit later in 'n vergadering aan hulle voorlê.

4.1 Identifiseer en verduidelik elk van die volgende kaartsimbole wat die gesin gedurende hulle toer van Suid-Afrika nuttig kan vind.


4.1.1



4.1.2



4.1.3



4.1.4



4.1.5 

(5 × 2) (10)

4.2 Beskryf kortliks hoe toerisme kan verbeter en voordeel trek uit elk van die volgende makro-omgewings:

4.2.1 Sosiale/maatskaplike omgewing

4.2.2 Ekonomiese omgewing

4.2.3 Tegnologiese omgewing

4.2.4 Demografiese omgewing

4.2.5 Fisiese omgewing

(5 × 3) (15)

4.3 Identifiseer die name van die volgende nasionale paaie in Suid-Afrika:

4.3.1 Pad wat Johannesburg en Durban verbind

4.3.2 Pad wat Johannesburg en Kaapstad verbind

4.3.3 Pad wat Witbank (Emalahleni) en Nelspruit verbind

(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.4 Kies 'n land in KOLOM B wat by 'n geldeenheid in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.4.1	Dollar	A	Swaziland
4.4.2	Rand	B	Botswana
4.4.3	Pula	C	Lesotho
4.4.4	Pond	D	Suid-Afrika
4.4.5	Langeni	E	VSA
4.4.6	Loti	F	Brittanje

(6 × 1) (6)

4.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.5.1 Inflasie verwys na 'n styging in die prys van goedere.

4.5.2 'n Selfoon is 'n voorbeeld van tegnologie.

4.5.3 Veranderings in tegnologie het 'n uitwerking op enige onderneming se mikro-omgewing.

4.5.4 'n Groot persentasie mense in Suid-Afrika is welgesteld.

4.5.5 Slegs 'n klein aantal mense in Suid-Afrika woon in stedelike gebiede.

4.5.6 'n Staking kan verlammend vir enige onderneming wees.

(6 × 1) (6)

[40]

VRAAG 5

5.1 Vergelyk in tabelformaat die voordele en nadele van die gebruik van elk van die volgende tegnologiese ontwikkelings in 'n toerisme-onderneming:

TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING	VOORDEEL	NADEEL
5.1.1 Rekenaar		
5.1.2 Internet		
5.1.3 E-pos		
5.1.4 Kaartjedrukker		
5.1.5 Aanlyn besprekingstelsel		

(5 × 4) (20)

5.2 Gee EEN voorbeeld van 'n geleentheid wat by elk van die volgende byeenkomsplekke gehou kan word:

5.2.1 Moses Mabhida Stadion

5.2.2 Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum

5.2.3 Sun City

(3 × 2) (6)

5.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.3.1 Gekwalifiseerde persoon wat vir 'n maatskappy werk wat mense wat deur 'n land reis of enige plek in 'n land besoek, vergesel, of toeriste van inligting oor 'n bepaalde toeristeterrein voorsien.

5.3.2 Persoon wat 'n onderneming besit wat betalende toeriste op geskeduleerde reisplanne vervoer en reëlings vir hul akkommodasie en uitstappies tref.

5.3.3 Maatskappy wat akkommodasie, vervoer en ander gepaardgaande dienste namens produkeienaars verkoop.

5.3.4 Hanteer die voorsiening van akkommodasie aan reisigers.

5.3.5 Instellings wat hoofsaaklik voedseldienste verskaf.

(5 × 2) (10)

5.4 Noem VIER spesifieke wetsvereistes waaraan 'n entrepreneur moet voldoen wanneer hy/sy 'n onderneming begin. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou